LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

21-01-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 3 VIR 2019

1 **ATLETIEK 2018**:

- Ons neem **Woensdag, 23 Januarie** deel teen Laerskool Emfulenipark. Die leerders wat deelneem mag 12:20 verdaag.
- Die skool verdaag gewone tyd.
- LET OP: Daar mag slegs 4 atlete per item deelneem by hierdie byeenkoms.
- **KLEREDRAG**:
  Atlete kan deelneem in VOLKIE-VRYDAGDRAG of skool-atletiekdrag. Die "Ski-pants" moet asb. groen wees, en direk na deelname word die Volkiebroek weer bo-oor aangetrek.

2 **REDENAARS 2019:**

- Die Junior skoolredenaars vind plaas op 4 Februarie en die Senior skoolredenaars op 5 Februarie 2019.
- Leerders het reeds temas gekry.
- Redenaars wat deelneem se name moet voor Vrydag, 25 Januarie opgegee word:
  * Junior redenaars se name by Juf. Driena.
  * Senior redenaars se name by Juf. Sanet.

3 **SWEM**:

Swemoefening gaan elke Dinsdag en Donderdag wees vanaf 14:30 tot 15:15 by Hoër Volkskool se swembad vir die leerders wat nie by die atletiek betrokke is nie. Oefening is verpligtend vir almal wat NIE by die klub betrokke is nie.

Ligadatums:

30 Januarie	Rynfield
6 Februarie	Tom Newby
20 Februarie	St Dominic's
27 Februarie	Martin School
7 Maart	Interlaer by Boksburg Noord

4 **ADHD**:

Ouers wat belangstel, kan Woensdagaand, 23 Januarie 2019 na 'n praatjie gaan luister deur Dr Jeeva, by Die Blou Lint te Zoë skool om 18:30 i.v.m. ADHD. Die praatjie is gratis.

5 **OPDATERING VAN SKOOLGELD OOREENKOMS:**

Ons dateer ons dokumentasie van die leerders en gesinne op ten opsigte van die skoolgeld ooreenkoms om te voldoen aan vereistes soos deur die Skolewet bepaal.

Ons vra dat **elke leerder se ouers** (per gesin) die dokumentasie wat vandag huistoe gestuur word, volledig sal voltooi en op elke bladsy sal parafeer. Stuur asb. terug voor 25 Januarie 2019 na Mev. Chrissie Maré.

6 **KOOR:**

Alle Graad 4 tot 7 leerders (plus ou koorlede) moet asseblief hul name gaan afmerk op die venster by Juf. Leonie Labuschagne se klas voor Vrydag, indien jy genooi wil word vir 'n oudisie vir 2019 Seniorkoor. Oudisies vind Vrydag, 25 Januarie plaas tydens gewyde sang periode.

7 **VOORTREKKERS**:

Dis weer waatlemoenfees!

Suikerboskommando begin Dinsdag, 22 Januarie vanaf 17:00 tot 18:00 by die Geref Kerk, h/v Louw en Pretoriusstr. Alle Voortrekkers en NUWE MAATS is welkom. Trek ou klere aan. Vir enige navrae kontak vir Marlize by 0837042699.

8 **TOETSROOSTER VIR 1STE KWARTAAL 2019:**

DATUM	GR 4	GR 5	GR 6	GR 7
15 Febr			Geografie	Tegnologie
18 Febr	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde
22 Febr	Geskiedenis	Geskiedenis	Geskiedenis	Geskiedenis
25 Febr	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans
26 Febr	NW & Teg	NW & Teg	NW & Teg	NW
27 Febr	Engels	Engels	Engels	Engels
4 Maart				EBW
6 Maart	Geografie	Geografie		Geografie

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF